

SLEUTELBEEN (KLAVIKEL) FRAKTUUR

Oorsig:

Die sleutelbeen konekteer die sternum of borsbeen met die bladbeen deur aanhegtings aan die akromion en korakoïed proses van die bladbeen (skapula). Die klavikel lê net onder die vel en is een van die bene wat mees algemeen gebreek word in die menslike liggaam. Meerderheid van frakture vind plaas in die middelste derde maar frakture vind ook plaas aan die skouer se kant sowel as aan die sternum se einde.

Oorsake:

Die klavikel breek gewoonlik wanneer iemand direk op die skouer val maar kan ook breek wanneer daar op 'n uitgestrekte arm geval word. Kragtige impak oor die klavikel soos met motorvoertuig ongelukke of direkte impak oor die klavikel met sportaktiwiteite veroorsaak ook frakture. Soms kan pasgeborenes se klavikel gebreek word soos die baba deur die geboortekanaal beweeg.

Simptome:

Klavikel frakture is gewoonlik erg pynlik met plaaslike teerheid en beperkte vermoë om die skouer te beweeg. Swelling en kneusing kom voor en daar mag 'n knop of 'n punt onder die vel gevoel word of selfs gesien word. In sekere gevalle kan 'n glip of 'n kraakgevoel oor die fraktuur ervaar word tydens skouerbewegings.

Klassifikasie:

Daar is 'n verskeidenheid van klassifikasies beskikbaar, maar oor die algemeen word frakture geklassifiseer oor die posisie waar dit breek, of dit verplaas is of nie en of daar ander strukture betrokke is by die fraktuur soos die korakoklavikulêre ligamente en die akromioklavikulêre gewrig.

Behandeling:

Wanneer die beenfragmente nie verplaas is nie word meeste klavikel frakture met 'n stutverband of 'n figuur 8-verband behandel wat die arm ondersteun totdat hegte genesing oor tyd plaasvind. Wanneer dit egter wyd verplaas is of wanneer daar wanhegting plaasvind, mag chirurgiese herstel nodig wees. Prosedures verskil na aanleiding van die graad en die area van die fraktuur, maar dit behels gewoonlik instrumentasie wat die been ordentlik belyn en die belyning behou totdat die been genees het.